

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:25 (AFR83)

Die Heilige Gees ... allerbepalende lewensfaktor!

Die evangelie ingeskryf in Galasiërs 5:25. Die vrug- en vreugdevolle lewe op aarde aan die hand van die Heilige Gees. Om Geesvervuld uit genade te mag lewe, met al die nuwe lewensmoontlikhede wat die evangelie bied. Met Galasiërs 5:25 in gedagte besef ons dat hierdie vers die lewenspatroon van 'n Godskind ten diepste raak. Asof 'n definisie van hoe dinge elke dag gebeur. Die Gees "in" ons is ook die Gees "saam met" ons. Die Gees ... die bepaler van ons gedrag! Die Gees – die bepalende faktor. Die Een wat ons voetstap lei; ons gedagtes orden; gebedswoorde in die hart vorm; menshande vashou; voetstap op koers hou; edel motiewe wakker roep; ore fyn instem om die behoeftes van ander mense te hoor; tot 'n sagte antwoord inspireer; begrip 'n werklikheid te maak; vergifnis 'n realiteit te maak; die lewenslange Trooster te wees; die Een wat mens van die waarheid oortuig en in die Woordwaarheid lei.

Geesgeïnspireerde gedrag, omdat die Heilige Gees lewensvervullend in 'n mens leef én werkzaam is. Omdat die Heilige Gees die "segsman" van die Here se kind se lewe is, en daarom ook toe laat dat Hy 'n mens se voetstap rig. Tree vir tree asof te groei in volledige toewyding aan die Here!

Te lewe, al wandelende met Geeskrag op die weg van heiligmaking. Terdeë bewus van die praktyke van die sondige natuur, maar om met dankbare blydschap die uitnodiging van die vrug van die Gees aan te neem. Om waarlik te leef en op grond van Christus se genade sy beeldraer te wees. Nietige mens, maar al wandelende aan die hand van die Gees as bepalende faktor van 'n mens se gedrag. Lofseggend te lewe, welwetend dat die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees ons lewensdeel en lewenswerklikheid is.

Met Galasiërs 5:25 in gedagte op en langs die lewenspad te bid:

"Maak my hart vir U tot troon

deur u Gees wat in my woon.

Rig my wil, gevoel en daad

altyd na u wyse raad ..."

Sing: Psalm 119-1:19

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)